

# Versterking van Sterftetoesig vir verbeterde monitering tydens COVID-19



Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid (WKDvG) en Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (SAMNR) probeer uitvind oor die oorsake van sterftes (siektes, nie beserings) wat by die huis plaasvind.



Indien u familielid by die huis gesterf het sal u gekontak word deur die WKDvG om 'n telefoniese onderhoud te reël.



'n Telefoniese onderhoud sal met jou gevoer word om uit te vind hoe en waarom u familielid gesterf het.



'n Onderhoudvoerder sal die proses aan u verduidelik en u toestemming kry voor die onderhoud sal voortgaan. U kan enige tyd weier om aan die studie deel te neem.



Hierdie projek sal help om die inligting te verbeter van die oorsake van sterftes in Kaapstad.



U sal 'n R100 inkopie-bewys ontvang om u te vergoed vir u tyd.

Die projekspan sal jou kontak om te vra hoe en hoekom jou geliefde gesterf het.

Die SA Mediese Navorsingsraad en Wes-Kaapse Departement van Gesondheid probeer uitvind waarvan mense sterf wat buite 'n hospitaal gesterf het. Om dit te kan doen moet ons 'n onderhoud uitvoer met nabye familieleden of versorgers van mense wat by die huis gesterf het. Ons beplan om 'n onderhoud uit te voer met sowat 600 familieleden van mense wat onlangs van 'n siekte (nie 'n besering) by die huis of op pad na die hospital oorlede is.

Skakel gerus Dr Pam Groenewald (021 938 0555) of Dr Ian Neethling (021 938 0957) as u enige vrae het.



Wes-Kaapse Regering  
Gesondheid

# Versterking van Sterftetoesig vir verbeterde monitering van MIV/VIGS, TB en COVID-19 in Suid-Afrika

(ECO05-2-2021)

**Hoof-Ondersoeker:** Pam Groenewald  
**Mede-onderzoekers:** Debbie Bradshaw, Ian Neethling, Nadine Nannan  
**Adres:** Burden of Disease Research Unit, Medical Research Council, Francie Van Zijl Drive, Parow Valley 7500, Cape Town  
**Kontak:** 021 938 0555

## Inligtings brosjure vir nabye familieledede

### Waaroor gaan die studie

Die SA Mediese Navorsingsraad en Wes-Kaapse Departement van Gesondheid probeer uitvind of u wil deelneem aan die projek, "Versterking van Sterftetoesig vir verbeterde monitering van MIV/VIGS, TB en COVID-19 in Suid-Afrika". Hierdie projek word deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad geborg.

### Waarom en hoe ons hierdie studie uitvoer

Ons vra omtrent 600 – 800 families van iemand wat onlangs gesterf het om ons te vertel wat tot hulle dood gelei het. Ons doen dit in die Wes-Kaap. Ons doen hierdie studie om uit te vind hoe en waarom mense sterf. Ons wil ook weet of dit in orde is om mense oor die telefoon te vra oor die sterfte van hulle familieledede.

Ons sal u oor die telefoon vra om vir ons die gebeurde rondom die sterfte van u naasbestaande te vertel en sal u ook 'n paar vrae vra oor wat gebeur het. Dit behoort nie langer as 'n uur te neem nie. Van die mense wat vrae oor die sterfte beantwoord het, sal teruggekakel en gevra word om ons te vertel hoe hulle oor die hele ervaring gevoel het en om vrae oor die telefoon te beantwoord (TeleVA).

### Deelname aan die studie en staking van deelname aan die studie

As u instem om aan hierdie studie deel te neem, sal ons vrae aan u stel. U hoef nie al die vrae te beantwoord nie. U kan enige tyd tydens die onderhoud weier om deel te neem of vra dat ons moet ophou. Ons sal dan ophou. U hoef nie aan hierdie projek deel te neem as u nie wil nie. Die inligting oor u geliefde se afsterwe sal nie verander word as u deelneem of as u nie deelneem nie.

### Inligting word privaat gehou

U antwoorde op die vrae sal op 'n tablet ingevoer word. U naam sal nie neergeskryf word wanneer u die vrae beantwoord nie. Slegs 'n kode sal aan u antwoorde gekoppel word. Hierdie kode word 'n unieke studie-identiteitsnommer (USID) genoem en is dieselfde as die USID wat aan u oorlede naasbestaande toegeken word. Al u antwoorde sal privaat gehou word. Die CDC, as die studieborg, kan die aktiwiteite van die projek monitor of audit. Die rede hiervoor is om seker te maak dat die projek uitgevoer word op die manier wat dit veronderstel

is om gedoen te word. Dit sal ook verseker dat u regte en gesondheid beskerm word. U persoonlike inligting en u geliefde se mediese inligting sal vertroulik gehou word.

U antwoorde sal nie gedeel word met enigiemand anders as die navorsingspan nie, en sal veilig bewaar word. Dit beteken dat niemand sal weet dat die inligting van u afkomstig is nie. Ons sal u inligting beskerm. U naam sal nie in enige verslag oor hierdie projek verskyn nie. Al u antwoorde sal privaat bly en sal nie met enigiemand gedeel word nie, behalwe in die vorm van anonieme aanhalings, of as 'n beskrywing in 'n publikasie of verslag.

### Voordele/risiko's

Behalwe 'n inkoopie-bewys van R100,00 om u vir u tyd te vergoed, sal die projek geen direkte voordeel vir u inhou nie. Maar u sal ons help om uit te vind of telefoonoproepe om sterfte te bespreek, gebruik kan word om beter inligting in te win en of dit in orde is om dit te doen. Daar is min risiko's verbonde aan u deelname aan hierdie projek. Dit is moontlik dat u emosioneel kan raak as u oor die sterfte van 'n familielid praat. Ons personeel is hiervoor opgelei en om u na opgeleide professionele persone te verwys, sou u so verkies.

### Betaling

Deelname aan hierdie projek is u keuse. U sal 'n inkoopie-bewys van R100,00 ontvang om ons toe te laat om met u te praat, nes al die ander mense wat aan die projek deelneem. U sal nie enige geld of kos ontvang vir u deelname aan die studie nie. U hoef nie te betaal om in die studie te wees nie.

### Ander inligting

Die etiekkomitee van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (SAMRC) en SwissTPH wat verantwoordelik is vir die veiligheid van mense wat aan 'n projek deelneem, het ingestem dat die projek mag voortgaan. Die werk sal die reëls volg wat uiteengesit is in die Departement van Gesondheid: Etiek in gesondheidsnavorsing: beginsels, prosesse en strukture, tweede uitgawe, 2015 en die Verklaring van Helsinki (2013). Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid is 'n medewerker in hierdie studie.

### Kontak besonderhede

Skakel gerus Dr Pam Groenewald (082 533 0000 of 021 938 0555) of Dr Ian Neethling (021 938 0957) as u enige vrae het of ondersteuning met verdriet nodig het. U kan ook die Etiekkomitee van die SAMNR kontak as daar enige vrae of probleme is. Kontakbesonderhede van die Voorsitter: Prof Danie du Toit (telefoon 021 938 0687; e-pos adri.labuschagne@mrc.ac.za). Hierdie kontakbesonderhede sal ook via SMS aan u gestuur word.